AKADEMIA

AD FUTURUM PER FONTES

# *Deeltydse senior dosent:*

## ONDERWYSLEIERSKAP

PRETORIA

Akademia is ’n Christelike, klassieke en onafhanklike hoëronderwysinstelling wat verbind is tot die uitnemende opleiding en vorming van studente vanuit en vir Afrikaanse taal- en kultuurgemeenskappe. Akademia het vanaf Januarie 2026 ’n deeltydse pos vir ’n senior dosent in Onderwysleierskap (bestuur van finansiële en fisiese bronne in skole) in die Fakulteit Opvoedkunde beskikbaar. **Die aangestelde dosent sal op Akademia se nauurse afstandmodel lesings behartig.**

## POSDOELSTELLING

’n Dosent is daarvoor verantwoordelik om hoëgehalteonderrig aan studente te bied deur innoverende klasaanbiedings en leerervarings. Die pos vereis dat akademiese take, navorsing en innovering asook akademiese gemeenskapdeelname ywerig verrig word. Die vorming van studente tot volwaardige mense word hoog op prys gestel. ’n Dosent streef daarna om as leier in ’n vakgebied erken te word en streef verdieping in alle klasaanbiedinge na.

## VERANTWOORDELIKHEDE

- voorbereiding en dosering van die module-inhoud
- kurrikulumontwikkeling
- navorsing op vakgebied ter ondersteuning van onderrig en leer, en professionele ontwikkeling
- opstel van assesseringsaktiwiteite in ’n kontakleeromgewing
- akademiese gemeenskapsdeelname
- lewering van akademiese ondersteuning aan studente

## POSVEREISTES

- ’n PhD-kwalifikasie in die genoemde deeldissipline of verwante deeldissipline (kandidate wat beskik oor ’n MEd-kwalifikasie in Onderwysleierskap en -bestuur kan oorweeg word vir ’n aanstelling op dosentvlak)
- professionele onderwyskwalifikasie
- hoëronderwyservaring van minstens vyf jaar in die onderrig van Leierskap en Bestuur in die Onderwys
- ervaring in versnitte leer (*blended learning*)
- blootstelling aan en vorige gebruik van onderwysmedia
- kundigheid in die elektroniese onderrig- en leeromgewing
- fokus op Bestuur van Finansiële en Fisiese Bronne in Skole is ’n sterk aanbeveling

## VAARDIGHEDE

- sterk verbale en geskrewe kommunikasievaardighede
- interpersoonlike vaardighede
- prioritiserings- en tydsbestuursvaardighede
- onafhanklik in ’n spanverband funksioneer inisiatief kan neem en oplossingsgedrewe
- vermoë om werk onder druk te voltooi
- bereid om ’n ambassadeur vir Akademia te wees deur te help om die instelling uit te bou

**Klik hier om vir die pos aansoek te doen. Slegs Afrikaanse CV’s sal aanvaar word. Aansoeke moet voor of op 24 November 2025 ingedien word. Stuur ’n e-pos met jou Afrikaanse CV na personeelnavrae@akademia.ac.za indien jy probleme met die skakel ervaar.**

Akademia behou die reg voor om nie ’n aanstelling te maak nie. Akademia is kragtens die Wet op Hoër Onderwys 75 van 1997 by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding geregistreer (registrasienommer: 2011/HE08/005). Akademia is deel van die Solidariteit Beweging.

Akademia-hoofkantoor, Von Willichlaan 284, Centurion // 0861 222 888 // www.akademia.ac.za

Akademia MSW (Maatskappyregistrasienommer: 2005/024616/08) is by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as privaat hoëronderwysinstelling geregistreer ingevolge die Wet op Hoër Onderwys 101 van 1997, Registrasienommer: 2011/HE08/005; Direkteure: M.J. Visser (besturende direkteur), dr. D.J. Hermann, H.J. Schalekamp, P.W.A. Steyn, prof. D.P. Goosen, P.J.W. Buys en J.D. Symington.